

# DIE STAND VAN STEDELIKE EN STREEKGESKIEDENIS IN DIE RSA

P.H.R. Snyman

Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

Uit 'n onlangse bestekopname vir gebruik deur die Disciplinegerigte Hoofkomitee vir Geskiedenis, Regte en Staatswetenskappe van die RGN kan 'n goeie beeld van die huidige stand van stedelike en streekgeskiedenis gekry word.

Die bestekopname is gedoen aan die hand van die lys van aansoeke wat vir die jare 1982/83 tot 1984/85 deur bogenoemde hoofkomitee vir beurse en toekenningsoorweeg is,<sup>1</sup> asook 'n rekenaardrukstuk van navorsingsprojekte wat sedert 1981 in die databank van die Instituut vir Navorsingsontwikkeling van die RGN opgeneem is.<sup>2</sup>

Uit 296 identifiseerbare navorsingsprojekte in die vakgeskiedenis is of word 38 projekte in die afdeling streek- en stedelike geskiedenis onderneem. Dit plaas dié afdeling derde op 'n ranglys van 24 met 11,6 persent na politieke geskiedenis (49 projekte) en militêre geskiedenis (40 projekte) — saam 27,2 persent. Dit is dus insiggewend dat stedelike en streekgeskiedenis, 'n relatief jong takdissipline, reeds meer aandag van navorsers geniet as onder meer biografiese studies, verhoudingstudies, konstitusionele geskiedenis en sosio-ekonomiese geskiedenis.

'n Ontleding en beskrywing van die 38 projekte wat in stedelike en streekgeskiedenis onderneem word, werp meer lig op hoe dit tans met die deeldissipline gesteld is:

## ONTLEDING EN BESKRYWING VAN NAVORSING IN STEDELIKE EN STREEKGESKIEDENIS<sup>3</sup>:

### A. ALGEMENE STEDELIKE OF PLAASLIKE GESKIEDENIS WAT DIE DORP OF STAD IN DIE BREË DEK:

1. APPEL, A. *'n Geskiedenis van Bethelsdorp* (UPE).
2. MARÉ, D.B. *Die geskiedenis van Christiana tot 1902* (PUvCHO).
3. MINNAAR, A. DE V. *A local history of Empangeni* (RGN).
4. OBERHOLSTER, A.G. en J.W.N. TEMPELHOFF, *Geskiedenis van Malelane en Hectorspruit* (RGN).
5. UNIVERSITY OF CAPE TOWN. DEPT. OF HISTORY. *Studies in the history of Cape Town* (UK).
6. SNYMAN, P.H.R. *Postmasburg — die eerste honderd jaar* (UNISA).
7. SOUTHEY, N.D. *An era of transition — a history of Grahamstown, 1902-1918* (Rhodes).
8. VAN DER MERWE, G. *Die geskiedenis van Carletonville* (PUvCHO).
9. VAN ZYL, M.D.S. *Die geskiedenis van Adelaide* (UNISA).
10. WARREN, D.P. *The history of Camps Bay, 1900-1950* (UK).
11. WELLINGTON, N.M. *History of Zwartkop location, 1847-1910* (Natal).

### B. ALGEMENE STREEKGESKIEDENIS WAT DIE STREEK IN DIE BREË DEK:

1. CARRUTHERS, E.J. *The history of the Kruger National Park, 1875-1925* (UK).
2. DU PLESSIS, D.J. *Die geskiedenis van die distrik Dordrecht — die eerste 25 jaar* (US).
3. HAASBROEK, D.J.P. *A history of Zululand* (Zoeloeland).
4. IVE, J.G.A. *The northern districts of Natal during the Herzog era . . .* (Rhodes).
5. OBERHOLSTER, A.G. *Streekgeskiedenis van die Drakensteinvallei, 1687-1987* (RGN).
6. SLEIGH, D. *Die buitepose van die V.O.C. onder Kaapse bestuur, 1652-1795* (US).

### C. KOPPELING PLAASLIK-STREEKGESKIEDENIS:

1. HOFMEYR, G.S. *King William's Town se rol in die geskiedenis van Brits-Kaffraria, 1847-1866* (US).

### D. STEDELIKE OF PLAASLIKE GESKIEDENIS WAARIN SLEGS OP SEKERE ASPEKTE GEFOKUS WORD:

1. CARRUTHERS, E.J. en F. SWINGLER. *The history of electricity supply to Cape Town, 1905-1944* (UNISA).
2. GROENEWALD, A.C. *Die sosiale lewensomstandighede in Bloemfontein, 1896 tot 1899* (UOVS).
3. HERBERT, G. *The Welsh community in Cape Town, 1882-1918* (UK).
4. KOCH, E.E.M. *Doornfontein and its African working class, 1914-1935* (UW).
5. RASH, A.L. *The growth and control of Black urban and peri-urban settlements — the Durban area after 1918* (Natal).
6. SCHEFFLER, H.M. *'n Kultuurhistoriese oorskou van Mosselbaai en omgewing* (US).
7. THERON, B.M. *A social history of Pretoria during the first phase of the Anglo-Boer War, October 1899 — June 1900* (UNISA).

### E. STREEKGESKIEDENIS WAARIN SLEGS OP SEKERE ASPEKTE GEFOKUS WORD:

1. ANDERSSON, E.D. *A history of the Xhosa of the Northern Cape circa 1800-1879* (UK).
2. DE BEER, S. *Die Britse setlaars in die distrik Albany, 1820-1826* (US).
3. JOUBERT, H.S. *Vroeë vestiging in die Franschhoekvallei, 1688-1730* (US).
4. KRAUSE, A.E. *Die Lichtenburgse delvery, 1926-1945, 'n sosio-ekonomiese geskiedenis* (UP).
5. LOMBAARD, D. *The impact of commercial capitalism in the Barkly East region* (UK).
6. NATTRESS, G. *Rooiberg 1906-1945 — a history of a Transvaal tin-mining community* (UNISA).
7. RICHARD, M. *Blankie vestiging in die Zuurveld* (US).
8. VAUGHAN, A.M. *An economic history of the Msinga district* (Natal).
9. VISAGIE, J.C. en J.S. BERGH. *Kaartbeeld van die Kaapse Oosgrens, 1780-1980* (US).
10. WRIGHT, J.B. *African communities in the Thukela — Mzinkulu region, circa 1750-1850* (UW).

### F. STEDELIKE EN STREEKONTWIKKELING:

1. CORNWELL, R.J. *Southern Africa — the historical background to regional development* (Afrika-Instituut).
2. NORTH-COOMBES, M.D. *Rural-urban development in Natal* (Natal).

### G. STEDELIKE BESTUUR EN ADMINISTRASIE:

1. BEKKER, S.B. *A comparative analysis of the government and administration of the affairs of Black residents in the urban areas of the RSA: community council and administration boards* (Rhodes).

Van bogenoemde 38 projekte dek agtien al die fasette van die betrokke dorp, stad of streek (kategorie 1-3). Ten opsigte van die sewentien projekte waarin slegs op sekere aspekte van stedelike en streekgeskiedenis gekonsentreer

1. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria, Disciplinegerigte Hoofkomitee vir Geskiedenis, Regte en Staatswetenskappe, A 15/2/4 bylae 1A: aansoeke om beurse en toekenning 1982/83 - 1984/85.
2. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria, Instituut vir Navorsingsontwikkeling: rekenaardrukstuk van navorsingsprojekte wat sedert 1981 in die databank opgeneem is.
3. Die outeurs soos aangedui is eintlik projekleiers en nie noodwendig die skrywers van die betrokke verslae nie. Die aanvangs- en/of afhandelingsjaar van elke projek word nie aangedui nie omdat dit nie in alle gevalle bekend is nie.

word, is dit veral gemeenskappe (4), sosio-ekonomiese geskiedenis (3), sosiale geskiedenis alleen (2), ekonomiese geskiedenis alleen (2), demografiese tendense (2), plaaslike dienste, bestuur en groei (2), geografie (1) en kultuurgeskiedenis (1) wat onder die soeklig kom (kategorieë 4-5). 'n Leemte bestaan beslis ten opsigte van agrariese (landbou-) geskiedenis, sekere aspekte van plaaslike en streekadministrasie en kommunikasie. Wat betref metodologiese en teoretiese fasette van stedelike en streekgeskiedenis, bestaan ook geen studie nie. Die drie projekte in stedelike en streekontwikkeling, bestuur en administrasie, wat op 'n wyer, provinsiale en nasionale vlak onderneem word, is ingesluit omdat dit vir stedelike en streekhistoriese navorsing van groot waarde is.

'n Gebiedsindeling van die 38 projekte bring die volgende aan die lig: Kaapprovincie (19), Transvaal (8), Natal (8), Vrystaat (1) en RSA (2).

Samevattend blyk dit dus dat stedelike en streekgeskiedenis as sodanig nie meer 'n verwaarloosde terrein is nie. Dit geld egter slegs ten opsigte van sekere aspekte en veral sekere gebiede. So word byvoorbeeld in dertien van die 28 streke — volgens die Afdeling Streekgeskiedenis se streekindeling — geen studie onderneem nie.<sup>4</sup> C

4. Die 38 projekte wat hier ter sprake is, is slegs navorsing wat uit die vermelde bronne geïdentifiseer is en nie alle stedelike en streek-historiese navorsing wat in die RSA onderneem word nie. By die Afdeling Streekgeskiedenis word byvoorbeeld streekstudies oor die Noordoos-Vrystaat, Noordwes-Transvaal, Zoeloeland en Noord-Kaapland gedoen.